



**Solidariteit  
Navorsingsinstituut**

Deel van die Solidariteit Beweging

# Rassisme, haatspraak en dubbele standaarde:



Geensins 'n eenvoudige  
swart-en-wit-saak nie

Dr. Eugene Brink &  
Connie Mulder



# Inleiding

Rassisme is 'n wêreldwye verskynsel en uitdaging en beslis nie tot Suid-Afrika beperk nie. Geen land in die wêreld is onaangeroer deur hierdie lelike vloek nie en dit het al oor die wêreld heen tot bloedvergieting, oorloë en pogroms gelei. In multi-etniese gemeenskappe is wedersydse respek, billikheid en verdraagsaamheid van die grootste belang vir sosiopolitiese stabiliteit en gesonde rasseverhoudings. Ekstremisme en gedwonge assimilasië, aan die ander kant, verskaf die vonke wat 'n rassekruitvat kan laat ontplof en smeulende spanning in 'n volskaalse konflagrasie kan verander. In sulke situasies wen niemand nie, behalwe miskien die ekstremiste en hul bose agenda.

Suid-Afrika het 'n redelik unieke en goed gedokumenteë politieke geskiedenis. Na die einde van apartheid is 'n nuwe grondwet aangeneem en nuwe, demokratiese instellings is geskep om die demokratiese tydperk in te lui en, natuurlik, te ondersteun. Met inagneming van ons geskiedenis, was rasseverhoudings betreklik goed oor die afgelope 23 jaar. Mense van alle kulture en etniese groepe werk, eet, aanbid en koop in gemeenskaplike ruimtes. 'n Onlangse studie deur die Suid-Afrikaanse Instituut vir Rasseverhoudings (SAIRV) onder alle rassegroepe het getoon dat slegs 3% van Suid-Afrikane rassisme as 'n ernstige onopgeloste probleem beskou, en dat dit inderwaarheid eintlik onbenullig is in vergelyking met kwessies soos werkloosheid en misdaad. Hulle het ook in 2015 in 'n studie bevind dat 'n stewige 55% van alle respondente gedink het dat rasseverhoudings sedert 1994 verbeter het. Slegs 20% het gemeen dat dit agteruitgegaan het.

Te midde van hierdie betreklik goeie gesindheid is daar egter waarskuwingstekens waarop ag geslaan moet word om te keer dat hulle buite beheer raak en dat die swaargewonne vordering tot niet gaan. Met die hulp van die seepkissie wat die sosiale media bied, stereotipeer en misbruik rassiste van alle kleure en oortuigings mense van ander rasse. Sommige gaan selfs so ver as om haat en geweld aan te blaas teen andere, veral minderhede. Wat selfs belangriker is, is hoe daar in Suid-Afrika teen hierdie rassisme opgetree word gegewe die skade wat dit aan spesifieke mense en ook die samelewing as 'n geheel kan aanrig.

Hierdie verslag kyk eerstens kortliks na verskeie gevalle — in onderskeidelik wit en swart groepe verdeel — van haatspraak en rassisme wat oor die afgelope twee jaar verskillende grade van media-aandag getrek het en wat hierdie soorte gedrag in mindere of meerdere mate omvat. Die profiele van die aanstigters, die kontekste waarbinne hierdie opmerkings gemaak is, asook die protes, nadraai en straf wat op hierdie uitings gevolg het, word uitgestippel en ontleed. Die gevallestudies is geensins allesomvattend nie en ter wille van ruimte en relevansie moes hierdie afdeling afgebaken word. 'n Analise van die dekking, asook reaksie op hierdie gevallestudies word ook gedoen. Daar word gepoog om die vraag te beantwoord of rassisme selektief in Suid-Afrika hanteer word.

# Die wit groep

## Penny Sparrow

Vroeg in Januarie 2016 het 'n redelik onbekende KwaZulu-Natalse eiendomsagent die volgende op Facebook geplaas:

*These monkeys that are allowed to be released on New Year's eve and New Year's day on to public beaches towns etc obviously have no education what so ever so to allow them loose is inviting huge dirt and troubles and discomfort to others.*

*I'm sorry to say that I was amongst the revellers and all I saw were black on black skins what a shame. I do know some wonderful and thoughtful black people. This lot of monkeys just don't want to even try. But think they can voice opinions and get their way oh dear.*

*From now on I shall address the blacks of South Africa as monkeys as I see the cute little wild monkeys do the same, pick and drop litter.*

Met hierdie twiet het Sparrow haarself die toorn van Twitter, die media en die Suid-Afrikaanse publiek op die hals gehaal en sy het onmiddellike berugtheid verwerf. Sy het die boodskap later verwyder en het verskoning aangebied deur te sê dat dit nie persoonlik bedoel was nie, maar die koeël was deur die kerk en sy het fel en stellig onherstelbare nagevolge en wydverspreide veroordeling vir haar uitlating in die gesig gestaar.

Twitter was die eerste plek waar die kritiek en veroordeling begin gons het. Op 4 Januarie 2016 het *Mail&Guardian* berig dat Twitter ontplof het nadat 'n eiendomsagent van KZN swart mense as "ape" bestempel het. ENCA het gevolg met 'n berig onder die opskrif "#PennySparrowMustFall: Estate agent feels Twitter wrath after racist post" waarin die geregverdigde verontwaardiging op sosiale media gedek word. Onder die talle mense wat hulle tot Twitter gewend het om haar beledigende opmerkings te veroordeel, tel Mike Sharman, wat soos volg getwiet het: "Attention all racists, bigots and other broadcasters of hate. Make like a #pennysparrow and migrate elsewhere, indefinitely. Thank you." (*City Press*, 4 Januarie 2016). Talle ander publikasies, onder meer *The Citizen*, *City Press* en *Sunday World*, het berig oor die woede wat Sparrow se opmerkings op sosiale media ontlok het.

'n Google-soektog vir hierdie verslag waarin 'n kombinasie van "Penny Sparrow" en "monkeys" as soekwoorde gebruik is, het 'n yslike 27 500 resultate opgelewer. 'n Kwantitatiewe ontleding deur die media-intelligensiefirma, Meltwater, wat in Februarie 2017 gedoen is toon dat 4 501 mediaverslae oor die Penny Sparrow-aangeleentheid in 2016 verskyn het. Sy is onder andere deur die leier van die amptelike opposisie, Mmusi Maimane, veroordeel. Die voorval het Maimane ook aangespoor om 'n onomwonde toespraak oor rassisme by die Apartheidsmuseum in Johannesburg te lewer. Dit dui op die omvang van die nagevolge wat haar rassistiese en ondeurdagte opmerkings gehad het.

Sparrow het nie net onder intense smaad deurgeloopte nie, maar is ook deur die ANC voor die gelykheidshof gedaag. Sy is na behore aan haatspraak skuldig bevind en is gelas om R150 000 aan die Oliver & Adelaide Tambo Stigting te betaal. Die hof het die aangeleentheid na die nasionale vervolgingsgesag (NVG) vir kriminele vervolging verwys. Die landdroshof in Scottburgh het haar aan crimen injuria skuldig bevind en 'n boete van R5 000 of gevangenisstraf van 12 maande is opgelê.

Voorts het die minister van menslike nedersettings, Lindiwe Sisulu, die raad gemoed met eiendomsagentskapaangeleenthede (EAAB) opdrag gegee om ondersoek in te stel na Sparrow en om verslag te doen oor stappe teen haar, indien nodig (Politicsweb, 5 Januarie 2016). Sisulu het selfs met verteenwoordigers van die EAAB en Jawitz Eiendomme, in wie se diens Sparrow ten tyde van die voorval was, vergader om Sparrow se opmerkings te bespreek. Sparrow het uit haar pos by Jawitz bedank en laasgenoemde het regstappe oorweeg omdat sy die maatskappy in oneer gebring het. "You cannot be an Estate Agent by day and in the evening you are posting racists comments and behaving in an unlawful and offensive way, our regulations and code of conduct must provide instruments for people like Penny Sparrow not to operate as Estate Agents, the EAAB must make sure, if it is not there in current regulations, those regulations must be amended to ensure that we root out racism in the sector, it is our responsibility as Government," het Sisulu gesê.

Wat die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie (SAMRK) betref, is ernstige en bykans ongekende stappe geneem. Die kommissie het aanvanklik uit sy eie 'n ondersoek geloods en in April 2016 het dié menseregteliggaaam aangedui dat hy vanweë die talryke klagtes wat ontvang is, 'n regsGEDING teen Sparrow in die gelykheidshof aanhangig gemaak het (*The Citizen*, 13 April 2016). In 'n brief wat aan een van die klaers, Gugu Mhlangu, gerig is het die SAMRK se KwaZulu-Natalse provinsiale bestuurder, Tanuja Munnoo, gesê dat in die lig van die talryke klagtes wat by die raad se onderskeie provinsiale kantore teen Sparrow ingedien is, die kommissie besluit het om al die klagtes te konsolideer en om 'n regsGEDING in die gelykheidshof aanhangig te maak. Munnoo het aangedui dat die kommissie se hoof van regsdiens die klaers gereeld op die hoogte sal hou van vordering wat met die aansoek voor die gelykheidshof gemaak word.

In Junie 2016 is egter berig dat die saak nog gefinaliseer moet word – ses maande nadat die voorval plaasgevind het. 'n Woordvoerder van die SAMRK, Isaac Mangena, het bloot aangedui dat die kommissie wag dat “ander prosesse” afgehandel word (News24, 17 Junie 2016). In daardie stadium het die gelykheidshof egter al sy beslissing gelewer in die saak wat die ANC voor dié hof gebring het en verdere stappe deur die kommissie (hetsy regsstappe of andersins) het in wese onnodig en futiel geword. Geen verdere bewyse van enige verdere ondersoekbevindings of bevele van die SAMRK kon in hierdie verband gevind word nie.

## Chris Hart

Die gewese ekonoom van Standard Bank, Chris Hart, het op 3 Januarie 2016 in die pekel beland oor die volgende opmerking op Twitter:

*Meer as 25 jaar na die einde van apartheid word die slagoffers al hoe meer, saam met 'n gevoel van geregtigheid en haat teenoor minderhede ...*

'n Verskoning het kort daarna gevolg in die vorm van nog 'n twiet: “Hierdie twiet het aanstoot gegee – nooit so bedoel nie, waarvoor ek heelhartig om verskoning vra. Was bedoel om in konteks van trae groei gelees te word.”

Die protes was luid en kras en die gevolge verskriklik. 'n Meltwater-soektog het getoon dat die media 1 155 keer oor die bepaalde voorval berig het in 2016. 'n Google-soektog met 'n kombinasie van "Chris Hart", "entitlement" en "minorities" het bykans 6 000 resultate opgelewer. Standard Bank het Hart op 4 Januarie geskors, dieselfde dag waarop Sparrow haar skandelige opmerkings gemaak het, hangende 'n ondersoek na die gebeure van sy kommentaar (Fin24, 4 Januarie 2016) Die twiet het wye kritiek op sosiale media ontlok, en verskeie mense het gesê Hart moet afgedank word as gevolg van die “rassistiese ondertone” in sy twiet (Mail & Guardian, 15 Maart 2016). 'n Paar dae na die voorval het Sim Tshabalala, HUB van Standard Bank, 'n opregte en openhartige interne memo aan sy personeel geskryf waarin hy hom uitlaat oor die kwessies van rassisme, bevoorregting en transformasie. Hoewel hy Hart nie by name genoem het nie, was dit 'n klaarblyklike poging om die krisis voortspruitend uit die ekonoom se twiet te ontloot.

Kort na die voorval het die SAMRK gesê hy ondersoek Hart se kommentaar, asook dié van Sparrow, en sy besorgdheid oor die vlag van rassistiese kommentaar te kenne gegee. By die skryf hiervan was dit nog nie duidelik wat die uitkoms van die Hart-ondersoek behels nie. Die ANC se Jeugliga het op 7 Januarie 2016 'n optog na Standard Bank se hoofkantoor gehou en gedreig om die bank te boikot as Hart nie afgedank word nie. “Ons wil hê hy moet afgedank word, want as hulle hom nie afdank nie, gaan ons 'n ekonomiese boikot aanbeveel. Ons gaan alle Afrikane, veral swart

mense, adviseer om hulle rekeninge by daardie bank te sluit omdat hy rassiste in sy personeel het,” het die ANCJL se Gautengse voorsitter, Matome Chiloane, tydens die optog gesê (News24, 7 Januarie 2016). Die ANCJL het tydens die optog ’n memorandum oorhandig aan Standard Bank se uitvoerende hoof in Gauteng, Joshua Zwane. Zwane het die skare meegedeel dat die bank “as ’n korporatiewe burger van hierdie land” hom distansieer van Hart se twiet en hom onmiddellik geskors het.

Hart is egter nooit deur Standard Bank afgedank nie en twee maande later het hy uit sy pos bedank en sy redes daarvoor soos volg verstrek (BusinessTech, 15 Maart 2016):

*Ek het vrywillig by Standard Bank bedank na ’n ongelukkige voorval in sosiale media aan die begin van die jaar. Hoewel ek na uitgebreide oorlegpleging aan geen oortreding skuldig bevind is nie, is dit my voorkeur om alternatiewe geleenthede te verken.*

*Een van hierdie geleenthede is die oprigting van ’n impakbeleggingsfonds gemik op werkskepping, terwyl dit ook groter opbrengste teen laer risiko vir beleggers sal oplewer.*

*Nog ’n geleentheid is konsultasie en lesings waar sommige van die uitdagings waarvoor die Suid-Afrikaanse ekonomie en sakegemeenskap te staan kom, ten volle bestudeer en ontleed kan word.*

*Ek is oortuig dat Suid-Afrika ’n hoëpotensiaal bly as sy sosio-ekonomiese uitdagings suksesvol die hoof gebied word deur geskikte openbare beleid.*

*Verder hoop ek om met CPG en sy Suid-Afrika-dag-projek saam te werk, wat gemik is op nasiebou deur die uitbou en opheffing van gemeenskappe op grondvlak.*

*Ek glo vas dat grootskaalse werkloosheid ’n belangrike oorsaak van sosio-ekonomiese probleme is en dat werkskepping aan die bopunt van beleidsformulering moet wees.*

*Suid-Afrika se uitdagings is nie onoorkomelik nie solank ons Grondwet gehandhaaf word met die regte en vryhede wat daarin beliggaam is vir die beskerming en voordeel van alle Suid-Afrikaners.*

*My betrokkenheid op Twitter is altyd daarop gemik om gesonde en openhartige debatvoering aan te moedig. Dit is ook daarop gemik dat ons ’n groter begrip van kwessies en van mekaar kan verkry. Daar is geen monopolie op reg nie, en om beledigend te wees, is betreurenswaardig en onbedoeld.*

## Justin van Vuuren

Hierdie inwoner van Durban, wat die eienaar van 'n mobiele gim is, het 'n tirade wat met kwetsende taal besaai was, op Facebook geloods kort nadat die nuwe jaar in 2016 aangebreek het. In die boodskap verwys hy na mense op die strand as “diere” en die “skuim van die nasie”. “Gaan terug na waar julle vandaan kom en neem jul 13 kinders saam met julle!” het sy inskrywing gelees. Hy het op dieselfde dag nog 'n verskoning aangebied, maar die skade was gedaan al het hy nie enige ras in sy haatge vulde tirade by die naam genoem nie.

Hierdie voorval, asook dié wat deur Sparrow en Hart ontketen is, het 'n sneeubal-effek tot gevolg gehad en dit het die mediaruim vir dae aaneen oorheers. 'n Meltwater-opname het getoon dat daar 251 keer oor die voorval in 2016 berig is. Kort ná die voorval het die ANC aangedui dat hulle benewens die lê van formele klagtes by die SAMRK ook van voorneme was om klagte van crimen injuria teen Van Vuuren, Sparrow en Hart aanhangig te maak (Mail&Guardian, 5 Januarie 2016).

In sy reaksie het dié menseregte-instelling gesê dat dit “met ernstige kommer” kennis geneem het van beweerde rassistiese opmerkings wat aan sekere mense op sosiale media toegedig word. Isaac Mangena, 'n woordvoerder van die SAMRK het gesê: “Die inskrywings het gegons en het woede ontketen van die meeste Suid-Afrikaners wat verbind is tot 'n land sonder diskriminasie en om die verdeeldheid wat in dekades se ongelykheid en onderdrukking verskans is, te oorkom.” (The Citizen, 5 Januarie 2016). Hy het bygevoeg dat die SAMRK ondersoek doen na die opmerkings en dat verdere regstappe kon volg.

Afgesien van die maak van talle beloftes deur die SAMRK om die saak verder te voer, tesame met ondersoeke na ander soortgelyke gevalle, kon geen bewys gevind word dat sodanige ondersoeke wel gedoen en 'n bevinding gemaak is nie.

Van Vuuren het ook besigheidsverliese gely aangesien die sport- en voedingsmaatskappy, FutureLife, besluit het om sy borgskap aan Van Vuuren se besigheid te onttrek, en om nie langer met hom geassosieer te wees nie. Hulle het ook sy uitsprake veroordeel (SowetanLive, 5 Januarie 2016).



## Mabel Jansen

In Mei 2016 het Mabel Jansen, 'n regter in die hooggeregshof, se kru en neerhalende veralgemenings oor die swart kultuur aan die lig gekom toe die sosiale aktivis Gillian Schutte van hul geskrewe boodskappe aan mekaar op Facebook geplaas het. "In hulle kultuur is 'n vrou daar om vir hulle plesier te verskaf. Punt. Dit is 'n absolute reg en 'n vrou se toestemming is nie nodig nie," het een van die boodskappe gelui. "Bende-verkragtings van babas, dogters en ma's [was] 'n aangename tydverdryf," het 'n ander boodskap gelui. Schutte het gesê dat sy besluit het om die boodskappe te onthul omdat Jansen 'n hoë posisie beklee en mense se toekoms in haar hande hou (*IOL*, 10 Mei 2016). Jansen het egter gesê dat sy na spesifieke sake verwys het en nie bedoel het om oor swart mense in die geheel te veralgemeen nie.

'n Golf van kritiek en woede het uitgebars en 'n beroep om haar as regter te verwyder, het vinnig momentum gekry. 'n Petisie vir haar verwydering as regter het baie aandag op Facebook getrek (*News24*, 9 Mei 2017). Die petisie op Amandla.mobi het 'n beroep op die Regterlike Dienskommissie (RDK) gedoen om haar te verwyder en daar is binne een dag 1 400 handtekeninge versamel. 'n Meltwater-soektog het getoon dat die insident 840 mediaverslae tot gevolg gehad het. 'n Google-soektog met 'n kombinasie van die terme "Mabel Jansen" en "*absolute right*" het meer as 3 500 resultate oplewer.

Sy is deur die ANC-vroueliga beswadder; die ANC het gevra dat sy uit alle howe geban word; die DA het haar by die SAMRK gerapporteer; en die Black Lawyers' Association het 'n beroep op haar gedoen om óf te bedank, óf dat sy verwyder moes word (*IOL*, 10 Mei 2016). Volgens die RDK-woordvoerder, advokaat Dumisa Ntsebeza, is daar ook 'n klagte van 'n Johannesburgse advokaat, Vuyani Ngalwana SC, ontvang. "Die regter se kommentaar dat verkragting deel is van die swart kultuur, is nie net kwetsend en vernederend nie, maar ook in stryd met die Grondwet," het die Glynnis Breytenbach, 'n DA-LP en voormalige aanklaer by die Nasionale Vervolgingsgesag (NVG), gesê.

Jansen het byna onmiddellik na die onthulling van hierdie boodskappe op spesiale verlof gegaan. Verder het die RDK aangedui dat hulle Jansen se kommentaar verder sou ondersoek. Sy het eers in Januarie 2017 voor die Regterlike Gedragskomitee (RGK) verskyn en daar is besluit dat haar rassistiese opmerkings 'n prima facie-saak van "algehele onbevoegdheid" was (*EWN*, 15 Februarie 2017). Die RGK het aanbeveel dat die klagtes deur die Tribunaal van die Regterlike Gedragskomitee ondersoek moet word en dat hulle daarvoor verslag moet doen. Die komitee was bekommerd dat die moontlikheid minstens bestaan dat sy nie onpartydig sal kan wees wanneer sy sake verhoor wat op 'n sekere sektor van die samelewing betrekking het nie.



Ondanks 'n aanlyn petisie in 2016 wat gevra het dat klagtes by die SAMRK ingedien moes word, kon geen bewyse gevind word dat die SAMRK die saak amptelik ondersoek, bevindinge gemaak of bevele uitgevaardig het nie. Selfs 'n soektog na Jansen se naam op die SAMRK-webtuiste het geen resultate opgelewer nie.

## Matthew Theunissen

Die 26-jarige werklose Kaapstatter het op Facebook uitgevaar teen die minister van sport, Fikile Mbalula, se voorgestelde verbod op sekere sporttoernooie weens 'n gebrek aan transformasie. Ongelukkig het hy sy geldige kritiek op 'n aanvegbare besluit heeltemal beklad deur 'n rits kru rassistiese skeldwoorde. "So no more sporting events for South Africa. I've never been more proud than to say our government is a bunch of K\*\*\*\*\*s. Yes I said it so go f\*\*\* yourselves you black f\*\*\*\*\* c\*\*\*\*".

Sy opmerkings het hewig op sosiale media begin gons, het 'n enorme herrie veroorsaak en het wydverspreide en hoëprofiel-kritiek ontlok. 'n Soektog met die naam "Matthew Theunissen", gekombineer met die term "racist" as soekwoorde, het by die skryf van hierdie stuk 3 250 Google-resultate opgelewer. Volgens inligting wat vanaf die nuusdiens, Meltwater, bekom is, is daar 553 keer in 2016 oor die voorval berig. Patricia de Lille, die burgemeester van Kaapstad, het haar kantoor opdrag gegee om die voorval te ondersoek (*Mail&Guardian*, 3 Mei 2016) en het hom onmiddellik by die SAMRK verkla (*News24*, 3 Mei 2016).

Mbalula het ook sy gewig by die aangeleentheid ingegooi en het snydende kritiek gelewer op Theunissen se gedrag. Hy het gesê daar is geen plek vir mense soos Theunissen in die Suid-Afrikaanse samelewing nie en hulle moet geïsoleer word (*Sport24*, 4 May 2016). "Ons is geen verduideliking verskuldig aan mense soos Matthew wat nie nasionale belange op die hart dra nie, maar verblind word deur bevoorregte denke dat sekere sportkodes die eksklusiewe eiendom van 'n sekere ras in ons samelewing is. ... Rassiste is slegs maar 'n klein minderheid en ons weier om deur hul woorde en dade van stryk gebring te word in die uitvoering van ons historiese onderneming om 'n nierassige, nieseksistiese, demokratiese en voorspoedige samelewing," het Mbalula luidens 'n verklaring wat deur sy departement uitgereik is, gesê.

Theunissen het vinnig om verskoning gevra vir sy tirade en het op CapeTalk gesê dit "was die grootste fout van sy lewe" (*Sowetan*, 3 Mei 2016). "Ek het hoegenaamd nie 'n verskoning nie. Ek wil net om verskoning vra. Ek is werklik jammer dat ek kwetsende taal gebruik het," het hy gesê. Hy het gesê dat hy die boodskap in woede geskryf het. "Dit was nie my bedoeling om daardie woorde te uiter nie en ek sal dit vir die res van my lewe berou." In sy reaksie op Theunissen se verskoning het 'n meer toegeeflike en

versoenende Mbalula gesê “die feit bly staan dat daar in hierdie land gevolge moet wees vir enige een wat rassisme spuug ... swart en wit” (Sport24, 6 Mei 2016).

Die SAMRK het Theunissen taamlik swaar gestraf nadat hy homself vrywillig aan hul ondersoek onderwerp het. Die kommissie het gelas dat hy strawwe remediëring ondergaan en dat hy ’n onvoorwaardelike apologie uitreik (*The Citizen*, 11 Junie 2016). Hy moes ses maande lank gemeenskapsdiens, wat verband hou met sportontwikkeling, in ’n arm, benadeelde deel van Kaapstad verrig. Voorts moes hy navorsing doen oor anti-rassisme, diversiteit en verdraagsaamheid op die gebied van sport – absoluut vrywillig en op eie koste. Dan moes hy ook terapie ondergaan om sy woede te bestuur en moet hy hom vir 12 maande weerhou van die gebruik van sosiale media terwyl hy rehabilitasie ondergaan.

## Vicky Momberg

Die Durbanse eiendomsagent, Vicky Momberg, is deur ’n kamera betrap toe sy in Februarie 2016 op ’n rassistiese manier op swart polisiebeamptes geskel het nadat sy in ’n breek-en-gryp-voorval in Northriding, Randburg betrokke was. Sy het die k-woord herhaaldelik gebruik en het die beamptes as arrogant en nutteloos uitgekryt en gesê hulle weet nie wat hulle doen nie. Sy het gedreig om hulle om te ry (eNCA, 18 Junie 2016). Sy het ná die tyd gesê dat sy getraumatiseerd was deur die voorval en sy wou nie verder daaroor kommentaar lewer nie. Sy het egter ’n verskoning wat aan die laat kant was, uitgereik.

Die voorval het die media redelik aan die gons gehad en al die prominente Engelse hoofstroom-media, soos onder meer The Sowetan, eNCA, EWN en The Citizen, het herhaaldelik daarvoor verslag gedoen. ’n Google-soektog waarin die terme en woorde “Vicky Momberg”, “black” en “officers” gebruik is, het by die 800 resultate opgelewer. Die hoofstroommedia het die saak aandagtig gevolg. ’n Meltwater-soektog het getoon dat dat daar 419 keer oor hierdie geval in 2016 berig is.

The polisie het in sy reaksie ’n klag van crimen injuria teen Momberg aanhangig gemaak. “So iets kan nie in ’n demokratiese gemeenskap geduld word nie,” het die waarnemende nasionale polisiekommissaris, Khomotso Phahlane, gesê. Mashadi Selepe, ’n woordvoerder van die nasionale polisiediens, het gesê dit is jammer dat die land steeds te make het met hierdie vlak van rassistiese aanvalle (EWN, 18 Junie 2016). Selfs die minister van kuns en kultuur, Nathi Mthethwa, het hom daarvoor uitgelaat en Momberg se gedrag as “weersinwekkend” en ’n verontagsaming van die land se wette bestempel. (EWN, n.d.) “Alle Suid-Afrikaners moet dit verwerp, maar (ons)moet ook diegene onder ons wat sulke rassistiese neigings toon, isoleer want hulle moet die sosiaal uitgeworpenes wees, of jy nou swart of wit is,” het hy gesê.

Kort nadat die polisie die eerste klag gelê het, het die staat besluit om die skroewe aan te draai en nóg sewe klagte van crimen injuria is aanhangig gemaak

(SowetanLive, 1 August 2016). Ten tye van die skryf van hierdie verslag was die saak nog nie afgehandel nie.

Die SAMRK het gesloer met die aangeleentheid nadat een van die polisiebeamptes die SAMRK in Februarie genader het. Die menseregte-instelling het egter in Junie met 'n voorlopige ondersoek na die voorval begin en het aangekondig dat die kommissie Momberg voor die gelykheidshof gaan daag omdat sy so rassisties te kere gegaan het. “Ek kan bevestig dat die saak voor die hof dien, maar kan nie enige verdere inligting bekendmaak nie want die saak is sub-judice,” het Gail Smith van die MRK gesê (eNCA, 23 Junie 2016). Geen verdere inligting oor watter vordering met die saak gemaak word, kon gevind word nie. Daar moet wel kennis geneem word daarvan dat kort nadat die SAMRK aangedui het dat hy van voorneme is om Momberg hof toe te sleep, die sewe bykomende aanklagte van crimen injuria tot die klagstaat toegevoeg is. Net soos in die geval van Penny Sparrow was dit in die lig daarvan dat ander partye veel strenger regstappe geneem het, nie nodig om die saak verder te voer nie.

## Die swart groep

### Jacob Zuma

Die president is in alle waarskynlikheid die land se mees herkenbare persoon – en een van die berugste ook. Zuma, wat beleër word deur al hoe meer korrupsie-aanklagte en dalende gewildheid onder groot segmente van die publiek, het hom by verskeie geleenthede oor die afgelope paar jaar tot verdelende rasseretoriek en veralgemenings gewend om steun op etniese gronde te mobiliseer.

So byvoorbeeld het Zuma tydens die ANC se 103de verjaarsdagvieringe in 2015 in Kaapstad gesê dat Jan van Riebeeck se koms na Suid-Afrika die begin van al Suid-Afrika se probleme was (City Press, 17 Junie 2016). “Hoe kan mense sê ons het die Afrikaners aangesê om te gaan? Nee, ek het gesê die probleem het begin toe Jan van Riebeeck hier aangekom het,” het hy gesê. Volgens hom het Van Riebeeck se koms die weg gebaan vir rassediskriminasie.

Die president van die land, en veral mnr. Zuma, is altyd onder die soeklig en sy uitlatings het groot aandag van en bespreking in die media ontlok. 'n Google-soektog, waarin 'n kombinasie van die terme “Jacob Zuma” en “Jan van Riebeeck” gebruik is, het meer as 22 000 resultate opgelewer. 'n Meltwater-soektog het getoon dat daar in

2016 alleen 117 keer oor die voorval berig is en dit terwyl die voorval in Januarie 2015 plaasgevind het.

In die lig van Zuma se hoë profiel en die uitgebreide uitvoerende invloed waaroor hy as staatshoof beskik, is verskeie klagtes oor die voorval spoedig by die SAMRK ingedien. Dié menseregte-instelling het in Februarie 2015 bevestig dat hy inderdaad klagtes van haatspraak teen mnr. Zuma ondersoek (News24, 18 Februarie 2015). “Ons het hierdie klagtes aanvaar en met die ondersoek begin,” het die SAMRK se woordvoerder, Isaac Mangena gesê.

Zelda la Grange, voormalige president Nelson Mandela se assistent van, was een van ’n handjievol bekendes wat kritiek gelewer het op Zuma se opmerkings. Sy het in haar reaksie die volgende op haar persoonlike Twitter-rekening getwiet: “Jacob Zuma maak dit baie duidelik dat wittes nie in Suid-Afrika gewens of benodig word nie.” Sy het haarself egter in die spervuur geplaas en moes ’n beduidende kwota kritiek daarvoor verduur (EWN, 2015). Mayihlome Tshwete, woordvoerder van die minister van binnelandse sake, Malusi Gigaba, het haar selfs direk van rassisme beskuldig, maar het geen kritiek gelewer op Zuma se eie uitlatings nie (Politicsweb, 18 Januarie 2015). Een van sy twiets het selfs daarop gesinspeel dat die nuusdiens News24 in alle waarskynlikheid op ’n manier wat rasse-aanstoot gee daaroor gaan berig: “New24 (sic) Headlines be like: Poor Little Zelda Gets Attacked By Savages Who Don’t Understand That They Are K\*\*\*\*\*.” Sy het ook onder skoot gekom van bekendes soos die 702 Talk Radio-aanbieder Redi Tlhabi, asook Kay Sexwale wat op Twitter gesê het dat Zelda nie haar plek ken nie.

In Junie 2016 het die SAMRK ’n nuwe sperdatum, naamlik 4 Julie 2016, vir mnr. Zuma gestel om te reageer op die klagtes wat teen hom gemaak is (News24, 17 Junie 2016). Dit het gevolg nadat die VF+, as een van die klaers, ’n aansoek ingevolge die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting (Paia) gebring het om die SAMRK te dwing om inligting te verstryk oor die rede waarom geen vordering nog met die ondersoek gemaak is nie. Zuma het ook die vroeëre sperdatum van 8 Mei 2015 om sy reaksie aan die SAMRK voor te lê, blatant verontagsaam. In sy reaksie het die SAMRK aangedui dat die talle klagtes wat oor die aangeleentheid ontvang is, gekonsolideer moet word. Geen aanduiding van verdere ontwikkelings met betrekking tot die SAMRK se hantering van die aangeleentheid kon sedertdien gevind word nie.

## Luvuyo Menziwa

Menziwa is 'n senior amptenaar van die EFF Student Command en voormalige finansiële beampete van die Verteenwoordigende Studenteraad (VSR) van die Universiteit van Pretoria. In Augustus 2016 het hy met 'n duidelike begeerte om haat aan te blaas en skade aan te rig teen blankes uitgevaar in 'n Facebook-inskrywing vol rasse-onverdraagsaamheid:

*“F\*\* wit mense. Gee my net 'n bazooka of AK-47 sodat ek die regte ding kan doen en hierdie duiwelbesete mense doodmaak.”*

Toe die media hom gevra het om uit te brei op sy inskrywing, het hy 'n verduideliking gegee wat selfs vir die mees goedgelewige persoon vreemd en onvoldoende sal wees: “My bedoeling was nie om enigiemand aanstoot te gee of te dreig nie, maar om my griewe oor rassisme en die gebrek aan transformasie te lug. Ongelukkig het ek as gevolg van die emosies en so meer nagelaat om verder uit te brei en duidelik te maak wat ek met bazooka en AK-47 bedoel,” het Menziwa gesê (*IOL*, 31 Augustus 2016).

Die Solidariteit-woordvoerder by Tuks, Jahni Crowley, sê hierdie opmerkings moet nie ligtelik opgeneem word nie. “Daar kan nie van ons lede verwag word om vir werk op te daag terwyl 'n selferkende moorddadige student vry op die kampus rondloop nie,” sê sy. AfriForum Jeug het klagte van crimen injuria, aanhitsing tot geweld en intimidasie teen hom gelê by die polisie. Die aangeleentheid het ook heelwat aandag van die media gekry. 'n Google-soektog met Menziwa se naam en die term “bazooka” lewer tans 3 600 resultate. 'n Meltwater-soektog toon dat daar 131 keer oor die voorval berig is in 2016.

Die universiteit het Menziwa na die voorval uit die VSR geskors hangende 'n ondersoek deur die studenteliggaaam (*IOL*, 31 Augustus 2016). Die universiteit het gesloer met die Menziwa-voorval en dit is nou, 'n paar maande later, nog nie duidelik wat sy lot as UP-student is en of hy geskors gaan word nie.

Dit is nie duidelik of enigiemand 'n klagte oor Menziwa se tirade by die SAMRK gelê het nie, maar intensiewe navorsing toon geen teken dat die SAMRK betrokke was by hierdie relatief goed gepubliseerde geval nie.

## Lulu Xingwana

Na aanleiding van die borgtog wat aan die gestremde atleet en veroordeelde moordenaar Oscar Pistorius toegestaan is nadat hy sy meisie Reeva Steenkamp doodgeskiet het, het die gewese Minister van Vroue, Kinders en Mense met Gestremdheid en ook van Landbou en Grondsake, alle Afrikanermans as inherent boos en moorddadig uitgebeeld in 'n TV-onderhoud. "Jong Afrikanermans word in die Calvinistiese godsdiens grootgemaak met die geloof dat hulle 'n vrou besit, dat hulle 'n kind besit, dat hulle alles besit en daarom kan hulle daardie lewe neem omdat hulle dit besit."

Hierdie opmerking toon baie ooreenkomste met die Jansen-geval wat vroeër in hierdie dokument bespreek is. En soos Jansen het sy gou na die voorval om verskoning gevra. "Dit het vir my duidelik geword dat my kommentaar sommige lede van ons gemeenskap te na gekom het. Gevolglik wil ek hierdie opmerkings terugtrek en onvoorwaardelik om verskoning vra vir hulle," het sy gesê (News24, 27 Februarie 2013).

'n Google-soektog met 'n kombinasie van "Lulu Xingwana", "Calvinist" en "Afrikaner men" het by die skryf hiervan 'n taamlik beskeie 904 resultate opgelewer. Die protes was baie eensydig, met die Afrikanerbond en AfriForum wat die opmerkings veroordeel het en laasgenoemde wat die aangeleentheid na die Gelykheidshof geneem het (News24, 27 Februarie 2013). Die Christen-Demokratiese Party het ook ernstig aanstoot geneem aan haar kommentaar, maar net op godsdienstige gronde. "Talle nie-Afrikaners, wit en swart, is lede van Calvinistiese kerke en haar jongste verklaring kan as godsdienstige onverdraagsaamheid beskou word," het die CDP se woordvoerder, ds. Theunis Botha, gesê. Die DA het ook aanstoot geneem en sy leier, Mmusi Maimane, het die volgende in 'n verklaring gesê: "Dit is geheel en al onaanvaarbaar dat Minister Xingwana te kenne gee dat enige Suid-Afrikaanse kultuur bevorderlik vir moord is." (Polity.org.za, 27 Februarie 2013).

Afgesien daarvan kon geen bewys gekry word dat die ANC of die regering haar enigins berispe het of disiplinêre stappe teen haar gedoen het nie. Die enigste regeringsreaksie was van die gewese presidensiële woordvoerder, Mac Maharaj, wat gesê het daar word "gekyk na" die aangeleentheid (Daily Maverick, 28 Februarie 2013). Die DA het 'n beroep op die SAMRK gedoen om die aangeleentheid te ondersoek; volgens die Kommissie het hy verskeie klagtes ontvang, en hy het bevestig dat hy die aangeleentheid inderdaad ondersoek (Daily Maverick, 28 Februarie 2013). Die SAMRK het uiteindelik op 14 Junie 2013 met Xingwana vergader en 'n flou verskoning aanvaar, en die aangeleentheid is daar gelaat (BusinessLive, 18 Januarie 2016).



# Julius Malema

Die leier van die Economic Freedom Fighters is goed vertrouwd met rasomstredenheid. AfriForum het hom in 2010 voor die hof gedaag op klagtes van haatspraak nadat Malema, as leier van die ANC se Jeugliga en in teenwoordigheid van ANC-grootkoppe, studente aan die Universiteit van Johannesburg gelei het met die sing van die omstrede struggle-lied Dubul'ibunu, wat "Maak dood die Boer" beteken. Malema het die saak verloor toe regter Colin Lamont beslis het die lied kom op haatspraak neer.

Malema is in 2012 uit die ANC geskop en het die radikale en jeugdige EFF 'n jaar later gestig met behulp van ander uitgeskopte mense en gegriefde partye. Die EFF het tans 6.25% van die setels in die Nasionale Vergadering in verhouding tot die aantal stemme wat hulle in die nasionale verkiesing in 2014 gekry het. Die party het ook in die plaaslikeregeringsverkiesing in 2016 nagenoeg 8% van die steun getrek en maak deel uit van verskeie koaliesierade landwyd, insluitende groot metro's soos Johannesburg en Pretoria. Malema is vanselfsprekend een van die herkenbaarste mense in die land en oefen 'n beduidende invloed uit.

Sy party speel al sedert sy ontstaan met haatspraak, en sy teenwitretoerik word al hoe snydender namate sy politieke steun en mag toeneem. In November 2016 het Malema egter vir nog 'n bom gesorg wat groot oproer en ontsteltenis veroorsaak het. "Ons doen nie 'n oproep vir die slagting van wit mense nie, altans nie nou nie ... Die regmatige eienaars van die land is swart mense. Geen wit mens is 'n regmatige eienaar van die grond hier in SA en die hele Afrikavasteland nie," het hy buite die landdroshof op Newcastle gesê, waar hy verskyn het omdat hy 'n beroep op mense gedoen het om onbeboude grond orals in die land te beset.

Ofskoon dit heeltemal verfoeilik is om mense met ape te vergelyk en hulle skuim te noem, sal selfs die oningewydes saamstem dat hierdie verklaring kwalitatief baie verwyderd is van die sondes van Sparrow, Hart en Van Vuuren. Dit is 'n beroep op mense om ander mense dood te maak as gevolg van hulle empiriese eienskappe en is 'n kwalik versluiserde poging om haat aan te wakker. Die "altans nie nou nie"-kwalifikasie aan die einde van hierdie berugte sin bied weinig troos aangesien hy die moontlikheid van sodanige slagting en aanhitsing oop laat.

As gevolg van sy prominensie het sy woorde ook baie aandag in die media getrek. 'n Google-soektog met die woorde "Malema", "slaughter" en "white" het 184 000 resultate opgelewer. Soos wat Malema se bedoeling was, het die kommentaar 'n duidelike opskudding veroorsaak en kritiek ontlok uit sekere kringe en stilswye uit ander. AfriForum het gesê Malema gee nie om watter impak sy woorde het nie, en die DA het sy woorde veroordeel en gesê dit het geen plek in Suid-Afrika se grondwetlike demokrasie nie (ENCA, 8 November 2016). Die ANC het egter deur sy woordvoerder, Zizi Kodwa, aan eNCA Online gesê die kommentaar is nie iets waarop die party kommentaar wil lewer nie. "Hy (Malema) het sy eie partyondersteuners toegespreek." Die ANC se provinsiale sekretaris in KwaZulu-Natal, Super Zuma, het bloot gesê Malema moet sy saak in die hof stel. Die EFF het ook nie sy leier veroordeel nie.



Die SAMRK het verskeie klagtes oor die aangeleentheid ontvang, met name van die DA, AfriForum en ook die Kongres van die Mense se Jeugbeweging. Die SAMRK se kommunikasiekoördineerder, Gushwell Brooks, het bevestig dat die klagtes ontvang is en gesê: “Omdat die kommissie klagtes van verskeie provinsiale kantore ontvang het, word hierdie klagtes tans geassesseer.” (*The Citizen*, 15 November 2016).

## Vuyiswa Bhefile ka Hlazo

Bhefile ka Hlazo is ’n senior amptenaar by die Oudtshoorn-munisipaliteit wat in 2015 rassisties soos volg op Facebook gal gebrak het:

*“Jy weet, ek kan nie wag vir die dag wat die meerderheid in hierdie land sê: ‘Ons het nou genoeg gehad van julle wit k\*\* se rassistiese neigings.’ nie. Dis ons land en ek bid dat my voorouers my laat lewe om daardie dag te beleef. Ek sal hulle tonge genadeloos met ’n panga uitsny en dit geniet om hulle te hoor smee vir vergifnis en te kyk hoe hulle oor die grens vlug met hulle besittings. Ons het genoeg verduur en ek droom regtig oor daardie dag en uur en dat my voorvaders my sal spaar om dit te beleef.”*

Die voorval het baie min aandag getrek in die media. Dit is veral vreemd omdat dit blatante aanhitsing is om dood te maak en inderdaad baie ernstig is. ’n Google- soektog met die gekombineerde terme “Vuyiswa Bhefile ka Hlazo” en “racist tendencies” lewer slegs sewe resultate op.

Die ondersoek en daaropvolgende optrede deur die Oudtshoorn-munisipaliteit was ewe lamlendig. Oudtshoorn se administrateur, Kam Chetty, het aanvanklik vir *IOL* gesê hulle is besig om vas te stel wie die outeur van die inskrywing is (*IOL*, 26 Oktober 2015). “Ons beskou die inhoud van die opmerking in ’n baie ernstige lig en sodra die skrywer van die boodskap geïdentifiseer is, sal ons interne dissiplinêre prosedures dienoreenkomstig gevolg word,” het Chetty gesê.

Daar het nie veel van die hele affêre gekom nadat die saak verder ondersoek is en daar vasgestel is dat dit inderdaad Bhefile ka Hlazo was wat die inskrywing geplaas het nie. Hy het om verskoning gevra, ’n skriftelike waarskuwing ontvang en ingestem om diversiteitsbestuur-berading te ondergaan (*Die Gremlin*, 19 Januarie 2016). “Hy het ’n skriftelike waarskuwing gekry. Hy is ook gewaarsku dat die saak baie ernstig is en dat enige soortgelyke optrede sal lei tot strenger dissiplinêre uitkomstes soos ontslag,” het munisipale woordvoerder Ntobeko Mangqwengqwe gesê.

Die SAMRK het die saak nooit ondersoek nie.

## Esethu Hasane

Hasane is die media- en kommunikasiebestuurder van die Departement van Sport en Ontspanning, waarvan Fikile Mbalula tans die minister is. As sodanig is hy 'n uiters prominente en invloedryke persoon wat die menings van miljoene Suid-Afrikaners kan beïnvloed. In Maart 2017 het Hasane in 'n aanhitsende, verdelende en opruiende twiet gevra dat wit mense gestraf word:

*“Net die Wes-Kaap het nog droë damme. Asseblief Here, ons het swart mense daar; kies 'n ander manier om wit mense te straf.”*

'n Google-soektog met die woorde en frases “Esethu Hasane”, “straf” en “wit mense” het ten tyde van hierdie skrywe net 401 resultate opgelewer. Die DA en AfriForum het Hasane se optrede openlik veroordeel en 'n beroep gedoen op Mbalula om dit ook te veroordeel en hom af te dank. Die media het hoofsaaklik gegons oor hierdie organisasies se reaksie en nie weens die aanvanklike verslae oor die aangeleentheid nie.

Geen sodanige veroordeling het egter van die Departement van Sport of sy minister gekom nie – 'n minister wat ses maande vantevore in reaksie op die Theunissen-voorval gesê het dat alle rassiste, swart en wit, swaar gestraf moet word. Ten tyde van hierdie skrywe (sowat drie weke na daardie twiet) het Mbalula steeds soos die graf geswyg oor die voorval en op geen sigbare wyse teen Hasane opgetree nie. Dit is natuurlik in skrilte kontras met die behandeling wat Chris Hart van Standard Bank en Mabel Jansen van die RDK gekry het.

“Die feit dat drie dae verloop het sonder dat die minister Hasane afgedank of enigsins teen hom opgetree het, beteken óf dat hy hierdie rassistiese siening deel óf dat hy dit goedpraat. Dit is in skerp teenstelling met die minister se vroeëre standpunt oor rassisme en sport. Verlede jaar het hy in reaksie op rassistiese opmerkings gesê rassiste “het geen plek in ons samelewing nie en moet geïsoleer word omdat hulle ons terugwaarts neem...” sê die DA se Darren Bergman in 'n verklaring (DA-webwerf, 2 Maart 2017).

Geen bewyse kon gevind word dat die SAMRK enige aandag aan die saak geskenk het nie.

# Velaphi Khumalo

Khumalo is 'n amptenaar, meer spesifiek 'n sportpromotor, in die Gautengse Departement van Sport, Kuns, Kultuur en Rekreasie en 'n selferkende ANC-lid. Khumalo, klaarblyklik woedend oor die Sparrow-voorval, het een van die venynigste en opruiendste aanlyn aanvalle geloods wat Suid-Afrika nóg gesien het en het gevolglik berugtheid verwerf. Sy profielfoto op Facebook toon hom waar hy met 'n pistool poseer, en die boodskap lui soos volg:

*I want to cleans this country of all white people. we must act as Hitler did to the Jews. I don't believe any more that there is a large number of not so racist white people. I'm starting to be sceptical even of those within our Movement the ANC. I will from today unfriend all white people I have as friends from today u must be put under the same blanket as any other racist white because secretly u all are a bunch of racist fuck heads. as we have already seen [alles sic].*

Hy dit met 'n ewe omstrede boodskap opgevolg:

*U you have the same venom moss. look at Palestine. now u must be bushed alive and skinned and your off springs used as garden fertiliser.*

Soos baie rassiste op sosiale media het Khumalo gou verskoning aangeteken en gesê hy hoop Suid-Afrikaners kan dit in hulle harte vind om hom te vergewe (*SowetanLive*, 8 Januarie 2016). Sy verskoning was egter meer op die ANC, sy werkgewer en Suid-Afrikaners oor die algemeen gemik as op wit mense in die besonder.

'n Google-soektog met die woorde “Velaphi Khumalo” en “Hitler” het 5 740 resultate opgelewer. 'n Meltwater-soektog toon 137 mediaberigte oor die voorval net in 2016.

Sy werkgewer het hom van sy “barbaarse en rassistiese uitlatings” gedistansieer en met 'n interne dissiplinêre proses teen hom begin en hom met betaling geskors (*News24*, 7 Januarie 2016). “Die departement van sport, kuns, kultuur en rekreasie beskou die haatlike boodskap van Velaphi Khumalo in 'n ernstige lig,” het die LUR, Faith Mazibuko, in 'n verklaring gesê. Daar is ook 'n klag van crimen injuria teen hom aanhangig gemaak en die Joodse Raad van Afgevaardigdes het 'n klag teen hom by die SAMRK ingedien (*News24*, 7 Januarie 2016).

Mazibuko se streng kommentaar was egter nie op dieselfde vlak as die straf wat uiteindelik deur sy werkgewer aan Khumalo opgelê is nie. Die departement het in Junie 2016 'n verklaring uitgereik waarin gesê word dat Khumalo skuldig gepleit het en hom verbind het tot korrektiewe maatreëls, wat berading insluit, nadat hy van ernstige wangedrag aangekla is omdat “hy hom op 'n onbehoorlike, skandelige en onaanvaarbare wyse gedra het”. “Die Dissiplinêre Paneel het dit goedgevind om 'n finale skriftelike waarskuwing aan hom uit te reik. By aanvaarding van die straf sal mnr. Khumalo se skorsing dienooreenkomstig opgehef word en sal hy met sy pligte as 'n sportpromotor kan voortgaan, sodat die departement sy missie kan uitvoer om Gauteng aktief te kry,” lui die verklaring.

In Junie verlede jaar was die SAMRK op die oorlogspad teen Khumalo en is 'n verklaring uitgereik waarin gesê is dat 'n aantal klagte ontvang is en hulle hom voor die Gelykheidshof gaan daag op 'n klag van haatspraak (*News24*, 7 Junie 2016). “Die SAMRK het al die individuele aangeleenthede oor Velaphi Khumalo gekonsolideer en 'n nuwe klag op naam van die SAMRK by die Gelykheidshof geregistreer,” aldus die kommissie se woordvoerder, Gail Smith. “Ons is besig met voorbereiding om litigasie vir haatspraak teen die respondent in te stel,” het sy gesê. Na hierdie verklaring het die SAMRK Khumalo se optrede talle kere veroordeel, maar geen bewys van die afhandeling van hierdie saak kon gekry word nie meer as 'n jaar nadat dit plaasgevind het.

## **Benny Morota**

Morota is 'n regsdosent aan die Universiteit van Suid-Afrika (Unisa) en het gevolglik taamlik baie intellektuele invloed.

Op 7 Januarie 2016 het hy op Facebook gesê: “I hate white people and must go back wherever they come from or alternatively to hell.” (*Netwerk24*, 26 Junie 2016). Drie dae later het Harald Sitta, 'n wit persoon, Morota gekonfronteer oor ander opruiende aanmerkings wat hy gemaak het, waarop Morota geantwoord het: “i dnt entertain white cockroach like yourself . . . i dnt understand why you interfere in my black business . . . F\*ck you pink white murderer . . . Enjoy the blood wealth of our people, your time to pay with your white skin is emment (sic).”

Die voorval het baie min aandag in die media gekry ondanks die erns daarvan. 'n Google-soektog met 'n kombinasie van “Benny Morota” en “cockroaches” het net 13 resultate opgelewer en die hoofstroom Engelse media het dit vermy.

Nadat professor Mandla Makhanya, Unisa se Visekanselier, aanvanklik sy skok en teleurstelling oor die voorval uitgespreek het en die universiteit belowe het om die aangeleentheid te ondersoek (*Netwerk24*, 26 Junie 2016), het Morota tien maande later bloot 'n “ernstige waarskuwing” gekry (*Netwerk24*, 23 Oktober 2016). “Hy het nou 'n ernstige waarskuwing gekry, en as hy weer oortree, sal die universiteit nie huiwer om ernstige stappe teen hom te doen nie. Die universiteit verwerp hierdie optrede ten sterkste,” het Martin Ramotshela, Unisa se woordvoerder, gesê.

Daar is geen bewys dat die SAMRK ooit teen Morota opgetree het nie.

## Steve Naale

In 2016 het Steve Naale, woordvoerder van die Ngwathe plaaslike munisipaliteit (Parys), die berugte foto van Thomas Shipp en Abraham Smith, wat in 1930 in Indiana in die VSA deur die Ku Klux Klan gelych is, op die Facebook-groepbladsy, Ngwathe Online, geplaas. Hy het 'n onderskrif bygevoeg wat soos volg lees: “Tensy ons dit WEER onder wit gesag wil hê.”

In die lig daarvan dat Naale 'n woordvoerder vir 'n munisipaliteit is en dus wyd aangehaal word in die media wat munisipale aangeleenthede betref, is 'n Google-soektog wat tot dié minagtende uitspraak beperk is gedoen en die resultate was onthullend: 'n Meltwater-soektog het aan die lig gebring dat die voorval dekking deur 'n skamele sewe mediaberigte in 2016 gekry het – hoofsaaklik in die Afrikaanse media. 'n Google-soektog wat die soekwoorde “Steve Naale” en “white man’s rule” bevat het, het 'n weglaatbare twee resultate opgelewer.

Een van die resultate, 'n berig wat in die *Mail&Guardian* verskyn het, sit Naale se oortredings en die daaropvolgende gebeure uiteen. Volgens die *Mail&Guardian*-berig (14 Julie 2016) het Elsie du Preez, 'n inwoner van die Wes-Kaap, 'n klag by die SAMRK gelê en het beweer dat “die foto en die onderskrif direk insinueer dat wit mense in Suid-Afrika gevrees behoort te word”. Sy het versoek dat Naale aangekla word van haatspraak en aanhitsing van geweld teen wit mense. Sy het aangevoer dat die voorstelling “onwaar en misleidend” is en dat oningeligte mense wat hom glo, aangehits kon word om wit mense skade aan te doen of te haat. Naale het teruggekap dat hy bloot Suid-Afrika se swart regering teen mense wat daarop uit is om die land se demokrasie te ondermyn, te beskerm en dat daar in ieder geval rasseverdeling in die Parys-omgewing is.

Die SAMRK het bevind dat Naale se optrede nie net diskriminerend teenoor Du Preez was nie, maar teenoor alle wit Suid-Afrikanners en dat sy optrede hul waardigheid aantast (Netwerk24, 21 September 2016). Daar is egter bevind dat dit nie op haatspraak neerkom nie. Naale is gelas om 'n apologie aan wit Suid-Afrikanners uit te reik maar geen besonderhede wat die duur of aard van die verskoning betref, is neergelê nie. Twee maande ná die bevinding is sy apologie op Ngwathe Online geplaas maar is vinnig verwyder. (Netwerk24, 3 Oktober 2016). Daar is geen aanduiding dat Naale se werkgewer enige bestraffende maatreëls teen hom ingestel het nie en hy is tans steeds werksaam as Ngwathe se woordvoerder.

'n letwat bisarre en verbysterende kinkel in hierdie verhaal is dat Du Preez as die klaer in die saak ook deur die SAMRK gelas is om 'n menseregteprogram oor rasseverhoudinge saam met Naale by te woon (Netwerk24, 3 Oktober 2016). Nie een van die twee het opgedaag nie en Naale het sy niebywoning geregverdig in die lig daarvan dat Du Preez nie die program bygewoon het nie.

## Jonathan Jansen

Die bekende voormalige visekanselier van die Universiteit van die Vrystaat het omstredenheid veroorsaak nadat hy na bewering by 'n senaatvergadering van die universiteit kwyt geraak het dat daar iets ernstig skort met die opvoeding van Afrikaner-mans (*Netwerk24*, 24 Augustus 2016). Hy het verder gesê dat wit studente in Afrikaanse klasse 'n onregverdigte voordeel het en het ook vir *Beeld* vertel dat dít die rede is waarom Afrikaans as onderrigtaal verban moet word.

Hy het later aan die koerant vertel dat hy nie akkuraat aangehaal is rakende sy stellings dat Afrikaanse mans se opvoeding veel te wense oorlaat nie, maar hy het ook nooit dié stellings ontken nie. Hy het gesê dat die kwessies onder bespreking in die vergadering “konfidensieel was” en dat dit nie met die media bespreek kon word nie.

Ten spyte van Jansen se rassisme en sy ongegronde beskuldigings en gevolgtrekkings oor wit studente en Afrikaans, het die insident, buiten die karige dekking daarvan in die Afrikaanse media, bitter min aandag oor die algemeen in die media geniet. 'n Meltwater-soektog het 'n skamele vyf Engelse mediaverslae en vyf Afrikaanse mediaverslae oor die storie opgelewer. Omtrent al die mediaverslae het gehandel oor kritiek wat vanuit die Solidariteit Beweging voortgespruit het.

Mindere wit rassiste en selfs wit mense wat al vantevore verkeerdelik van sulke tipe rassisme verdink is, is deur die media, die regering, die SAMRK en die publiek gekruisig. Daar is geen bewyse dat die SAMRK enigsins na die saak gekyk het of dat enige iemand van die regering enige kritiek teenoor Jansen uitgespreek het nie. Hy het ten tyde van die insident reeds bedank en Suid-Afrika 'n week later verlaat om 'n pos by die Sentrum vir Gevorderde Studies by Stanford Universiteit in die Verenigde State te aanvaar.

## Tlou Molele

Molele was 'n jong wiskundeonderwyser by die Curro Noordelike Akademie in Polokwane en die opvoeding van beïnvloedbare jong kinders, hetsy swart of wit, is dus aan hom toevertrou. In Oktober 2016 het hy 'n uiters venynige en rassistiese mening op die Universiteit van die Witwatersrand se Facebook-blad geplaas in antwoord op die #FeesMustFall-veldtog:



*“As dit nie was vir hierdie generiese [sic] fout wat mutasie genoem word nie, sou die wit f\*\*\*\*\*s nooit bestaan het nie. Julle is die oorspronklike moerf\*\*\*\*\*s. Ons sou nooit in protes en k\*k soos dié gewees het as julle wit f\*\*\*\*\*s na julle geboortelande teruggegaan het nie. Het julle ooit ’n plek van oorsprong...?”*

Daar is verder berig dat Molele gesê het hy het nie beswaar teen die afbrand van blank-bestuurde geboue nie en dat wit menings nie meer saak maak nie (Polokwane Observer, 27 Oktober 2016).

’n Google-soektog na die woord en terme “Tlou Molele”, “Curro” en “mutasies” het net 12 resultate gelewer. ’n Meltwater-soektog het in 2016 net 17 mediaverslae oor die insident opgelewer. Die hoofstroom Engelse media het nie eers geraak aan hierdie afstootlike en openlike stuk haatspraak nie en dit is aan die plaaslike en Afrikaanse media oorgelaat om daarvoor verslag te doen.

In teenstelling met die lot van die meeste swart staatsamptenare wat hulle aan haatspraak skuldig maak, het Curro Holdings met merkwaardige doeltreffendheid en felheid teen Molele opgetree. Kort na die voorval is Molele geskors hangende ’n ondersoek na die plasinge. “Curro beskou die inhoud van die plasinge en die optrede van hierdie individu in ’n baie ernstige lig omdat sosialemedia-aktiwiteit, binne Curro, beheer word deur ’n omvattende interne beleid wat bepaal dat alle persone wat gebruik maak van sosialemedia-platforms wat op Curro-inligtingstelsels en sy webblad beskikbaar gestel word by die beleid sal hou,” sê Curro se uitvoerende hoof: bemarking en kommunikasie Mari Lategan (Polokwane Observer, 27 Oktober 2016). Sowat twee weke later is daar berig dat Curro Molele ontslaan het (Forumnuus, 9 November 2016).

Die saak is ook verwys na die SAMRK, wat redelik vinnig daaraan aandag gegee het maar hom net liggies op die vingers getik het. Molele het by die verhoor berou uitgespreek, onvoorwaardelik verskoning aangebied, ingestem om deel te neem aan die Kommissie se antirassisme-opleiding in Limpopo en tien ure van sy eie tyd gegee om minder bevoorregte leerders met hul wiskunde te help (SAMRK, 8 November 2016).

Omdat daar baie min wit mense — die teiken van sy venynigheid — in Limpopo is, is dit te betwyfel of Molele se uitreikaktiwiteite hom iets sou leer van ware diversiteit en hom sou dwing om in aanraking te kom met die einste mense wat hy so skreiend beswadder het. Dit is ’n edele daad om minder bevoorregte kinders met hul wiskunde te help, maar dit het nie werklik betrekking op die genoemde oortreding nie. Op die ou einde, versover dit die SAMRK aangaan, was Molele se verskoning, berou en verklaarde verbintenis tot konstitusionele waardes voldoende straf en boetedoening. Die hantering van hierdie saak word nog meer bespotlik in vergelykende terme as dit vergelyk word met die SAMRK se straf vir Matthew Theunissen se oortredings, wat grootliks ooreenstem met Molele s’n.



# Ontleding

Uit die gevallestudies is dit duidelik dat rassediskriminasie in Suid-Afrika 'n probleem is. Vir die doeleindes van die verslag gebruik ons die Internasionale Konvensie oor die Uitskakeling van Alle Vorme van Rassediskriminasie, in Engels die International Convention on the Elimination of All Forms of Racial Discrimination (ICERD), se definisie van rassediskriminasie:

*... any distinction, exclusion, restriction or preference based on race, colour, descent, or national or ethnic origin which has the purpose or effect of nullifying or impairing the recognition, enjoyment or exercise, on an equal footing, of human rights and fundamental freedoms in the political, economic, social, cultural or any other field of public life.*

ICERD is 'n konvensie wat deur die VN se Algemene Vergadering aanvaar is en wat ten doel het om rassediskriminasie in al sy vorme uit te roei.

Die komitee vir die uitskakeling van rassediskriminasie (Committee on the Elimination of Racial Discrimination – CERD) is die komitee wat getaak is om die konvensie internasionaal te implementeer.

Die konvensie is deur Suid-Afrika bekragtig. Die instelling in Suid-Afrika wat spesifiek daarmee getaak is om te verseker dat die konvensie in Suid-Afrika eerbiedig word, is die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie (MRK).

## 1. Vlak van oortreding

In die gevallestudies maak die betrokke persone hulself almal skuldig aan rassediskriminasie. Elkeen van die gevalle het op 'n manier ten doel om alle lede van 'n sekere ras in 'n negatiewe lig te stel. 'n Dieper analise toon dat daar wel verskille in die graad van rassediskriminasie tussen die gevalle is.

### Wit

In gevalle waar die oortreder wit is, word oorwegend rassistiese skelwoorde gebruik (Matthew Theunissen, Penny Sparrow en Justin van Vuuren). In die ander gevalle word veralgemenings oor 'n hele ras of kultuur gemaak (Mabel Jansen en Chris Hart), wat dan daartoe lei dat 'n negatiewe oordeel oor die betrokke ras of kultuur gevel word.

## Swart

In die gevalle waar die oortreder swart is, word rassistiese skelwoorde minder dikwels aangetref. Daar word besliste uitsprake oor minderhede gemaak, maar die terminologie is meestal neutraal. Woorde soos “whites” of “Afrikaners” word gebruik. Veralgemenings oor ’n hele ras of kultuur word aangetref (Jacob Zuma, Lulu Xingwane en Jonathan Jansen), met die negatiewe oordeel wat oor die betrokke ras of kultuur uitgespreek word. Wat egter bykom, is ’n aanhitsing tot geweld teenoor minderheidsgroepe (Julius Malema, Velaphi Khumalo, Vuyiswa Bhefile Ka Hlazo en Luvuyo Menziwa). Benewens dié aanhitsing huldig verskeie oortreders ook die mening dat Suid-Afrika beter daaraan toe sou wees sonder ’n spesifieke minderheidsgroep (Jacob Zuma, Esethu Hasane, Steve Naale, Benny Morota en Tlou Molele).

Feitlik alle gevalle bevat elemente van rassiediskriminasie, met skelwoorde en vooroordele wat uitgespreek word. Tog is daar ’n definitiewe element van aanhitsing tot geweld en in gevalle waar die oortreder swart is, word daar ook reguit gesê dat minderhede moet padgee. Dit is kommerwekkend, want tradisioneel is minderhede weerloos teen rassiediskriminasie. Regerings het spesifieke verpligtinge teenoor minderhede soos vervat in die Deklarasie oor die Regte van Persone wat aan Nasionale, Etniese, Godsdienstige en Taalminderhede behoort. Hierdie deklarasie is op 18 Desember 1992 deur die VN se algemene vergadering aanvaar. Artikel 1 van die deklarasie lui:

1. *States shall protect the existence and the national or ethnic, cultural, religious and linguistic identity of minorities within their respective territories and shall encourage conditions for the promotion of that identity.*

## 2. Reaksie van die media

Hierdie gevallestudies is gekies omdat hulle almal op een of ander wyse mediadekking geniet het. In verskeie van die gevalle het politieke leiers en meningsvormers daarop gereageer.

## Wit

In die gevallestudies waar die oortreder wit was, was die mediadekking redelik groot. Die gemiddelde aantal mediaberigte vir die vyf wit gevallestudies was 1 286 per gevallestudie. Die getal word skeefgetrek deur Penny Sparrow se geval, wat alleen verantwoordelik was vir 4 501 mediaberigte. Sonder me Sparrow staan die gemiddelde aantal mediaberigte op 643,6 per gevallestudie.

<b>Gevallestudie</b>	<b>Mediaberigte</b>	<b>Jaar</b>
Penny Sparrow	4501	2016
Chris Hart	1155	2016
Justin van Vuuren	251	2016
Mabel Jansen	840	2016
Vicki Momberg	419	2016
Matthew Theunissen	553	2016

## **Swart**

Swart gevallestudies volg 'n meer normale patroon van verdeling. Uitsprake deur die President van Suid-Afrika, Jacob Zuma, asook die leier van die EFF, Julius Malema, kry baie meer mediadekking as mense op laer vlakke. In 2016 was daar onderskeidelik 117 en 163 mediaberigte oor Julius Malema en Jacob Zuma se rassistiese uitlatings.

Indien 'n mens slegs die gevallestudies gebruik wat in 2016 plaasgevind het, dan is die gemiddelde aantal mediaberigte vir swart oortreders 66,4. As jy Julius Malema se uitlatings uitsluit, dan val die gemiddelde na 50,3.

<b>Gevallestudie</b>	<b>Mediaberigte</b>	<b>Jaar</b>
Jacob Zuma	117	2015
Julius Malema	163	2016
Lulu Xingwane	11	2013
Jonathan Jansen	10	2016
Steve Naale	7	2016
Vuyiswa Bhefile Ka Hlazo	3	2015
Esethu Hasane	40	2017
Velaphi Khumalo	136	2016
Tlou Molele	16	2016
Luvuyo Menziwa	131	2016
Benny Morota	2	2016

Uit die gevallestudies is dit duidelik dat mediadekking oorweldigend eensydig is. Trouens, die grootste aantal mediaberigte vir 'n swart oortreder (Julius Malema met 163) is bykans 100 berigte minder as die kleinste aantal vir 'n wit oortreder (Justin van Vuuren met 251). Wat ontstellend is, is dat die swart oortreders feitlik almal in 'n regeringspos ontplooi is. 'n Mens sou verwag dat mense in invloedryke posisies se uitsprake meer mediadekking sal geniet as gewone lede van die publiek, en tog volg dit glad nie daardie patroon nie.

Die eensydige mediadekking oor rassiediskriminasie druis in teen CERD se Algemene Aanbeveling 35, spesifiek gemik op die bekamping van Haatspraak. Paragrafe 39 en 40 het betrekking:

*Informed, ethical and objective media, including social media and the Internet, have an essential role in promoting responsibility in the dissemination of ideas and opinions. In addition to putting in place appropriate legislation for the media in line with international standards, States parties should encourage the public and private media to adopt codes of professional ethics and press codes that incorporate respect for the principles of the Convention and other fundamental human rights standards.*

*Media representations of ethnic, indigenous and other groups within the purview of article 1 of the Convention should be based on principles of respect, fairness and the avoidance of stereotyping. Media should avoid referring unnecessarily to race, ethnicity, religion and other group characteristics in a manner that may promote intolerance.*

Addisioneel tot Algemene Aanbeveling 35 is die CERD dokument "Concluding observations on the combined fourth to eighth periodic reports of South Africa". Paragraaf 12 van dié dokument stel dit duidelik dat daar in die besonder kommer heers oor die regerende party se rassistiese uitsprake. Die media wat kies om dit te ignoreer, dra by tot die algehele rassepolarisasie in Suid-Afrika.

*12. The Committee is concerned about the lack of legislation in the State party concerning hate crime and hate speech to effectively prosecute perpetrators and deter further violations. The Committee is also concerned at the rise in hate crime and hate speech in the State party, including physical attacks targeting certain ethnic groups and non-citizens, discriminatory statements by State officials and politicians, and an increase in the use of social media and the Internet to propagate racist hate speech (arts. 2, 4, and 6).*

### **3. Reaksie van die SAMRK**

Die instelling wie se taak dit is om ICERD in Suid-Afrika te onderhou, is die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie (MRK). Wanneer dit by rasseaangeleenthede kom, het die MRK 'n belangrike rol om te speel.

CERD se Algemene Aanbeveling 35 sit duidelik uiteen hoe sy instellings haatspraak en rassiediskriminasie moet hanteer. Paragraaf 15 het betrekking:

*While article 4 requires that certain forms of conduct be declared offences punishable by law, it does not supply detailed guidance for the qualification of forms of conduct*

as criminal offences. On the qualification of dissemination and incitement as offences punishable by law, the Committee considers that the following contextual factors should be taken into account:

- **The content and form of speech:** whether the speech is provocative and direct, in what form it is constructed and disseminated, and the style in which it is delivered.
- **The economic, social and political climate** prevalent at the time the speech was made and disseminated, including the existence of patterns of discrimination against ethnic and other groups, including indigenous peoples. Discourses which in one context are innocuous or neutral may take on a dangerous significance in another: in its indicators on genocide the Committee emphasized the relevance of locality in appraising the meaning and potential effects of racist hate speech.<sup>16</sup>
- **The position or status of the speaker** in society and the audience to which the speech is directed. The Committee consistently draws attention to the role of politicians and other public opinion-formers in contributing to the creation of a negative climate towards groups protected by the Convention, and has encouraged such persons and bodies to adopt positive approaches directed to the promotion of intercultural understanding and harmony. The Committee is aware of the special importance of freedom of speech in political matters and also that its exercise carries with it special duties and responsibilities.
- **The reach of the speech**, including the nature of the audience and the means of transmission: whether the speech was disseminated through mainstream media or the Internet, and the frequency and extent of the communication, in particular when repetition suggests the existence of a deliberate strategy to engender hostility towards ethnic and racial groups.
- **The objectives of the speech:** speech protecting or defending the human rights of individuals and groups should not be subject to criminal or other sanctions.

Dit is duidelik dat daar 'n groter verantwoordelikheid op ampsdraers en meningsvormers rus as op die breë publiek. 'n Mens kan die MRK se optrede aan die hand van hierdie mandaat beoordeel.

## Wit

Die MRK het op eie inisiatief stappe teen Penny Sparrow en Matthew Theunissen geloods. Die Kommissie is besig met ondersoek na Chris Hart, Mabel Jansen en Justin van Vuuren. Geoordeel aan CERD se maatstawwe op grond waarvan daar op haatspraak gereageer moet word, is die saak vir eie inisiatiewe in dié gevalle wankelig.

- Die inhoud van die gevalle se boodskap is onaanvaarbaar, maar die wyse waarop dit oorgedra word, is nie direk of uitlokkend nie. Dit is op die gebruikers se eie sosiale media geplaas, met geen doel om die teiken van die uitspraak te bereik nie. Mabel Jansen se uitsprake was in 'n private gesprek op sosiale media.

- Die politieke en sosiale klimaat in Suid-Afrika was wel nie ten gunste van die uitsprake nie. In die kruitvat van Suid-Afrikaanse rassepolitiek is die uitsprake nie nuttig nie. Gegewe die spanningsvlakke is dit verstaanbaar dat die MRK opgetree het.

- Feitlik geen van die hoëprofiel wit gevallestudies se oortreders is regeringsampsdraers nie. Mabel Jansen was 'n regter ten tyde van die voorval, en Chris Hart was 'n senior ekonoom. Die ander gevallestudies het nie besondere invloed gehad nie. Waarom teen 'n afgetrede eiendomsagent, 'n M-student en 'n klein besigheidseienaar so sterk opgetree word, is 'n goeie vraag inderdaad.

- Die aanvanklike uitsprake het 'n klein gehoor bereik, realisties die oortreders se onmiddellike sosialemediakringe. Nadat die media die sake beetgekry het, het dit nasionale nuus geword. Penny Sparrow in die besonder het ongelooflike dekking gekry, en die MRK was genoop om op te tree.

- Uitsprake deur die wit gevallestudies bevat geen oproep tot aksie nie. Indien mens die doel agter die stellings in ag neem, is die waarskynlikste motivering dat dit frustrasie is waarvan ontslae geraak wil word. Penny Sparrow, Justin van Vuuren en Matthew Theunissen het gereageer op situasies waar die teiken van hulle uitbarstings vir hulle frustrasie veroorsaak het. Chris Hart as ekonoom en Mabel Jansen as regter het frustrasie in hulle beroepe ervaar rondom die teikens van hulle uitbarstings. Frustrasie kan geensins as verskoning dien nie, maar as mens die doel agter die uitsprake beoordeel, is dit die beste verduideliking. Daar is geen oproep tot aksie of dreigende ultimatus nie.

## **Swart**

- Die inhoud van die gevalle is aansienlik erger as dié van die wit gevallestudies. Julius Malema se direkte stelling dat die slagting van wit mense nog nie hier is nie, is 'n kopknik na volksmoord toe. Benny Morota, wat alle wit mense kokkerotte noem, herinner aan taalgebruik in Rwanda voor die Tutsi-volksmoord. Luvuyo Menziwa sê reguit dat hy gewapen wil wees en die teiken van sy uitbarsting wil uitwis. Hierdie boodskappe is meestal ook op sosiale media gedeel, maar deur van die prominenter sake (Julius Malema, Jacob Zuma, Jonathan Jansen, Lulu Xingwane) in die hoofstroommedia geuiter. Jonathan Jansen het sy opmerking in 'n vergadering gevul met Afrikanermans gemaak – dit was definitief uitlokkend.

- Albei groepe gevallestudies se oortreders het hulle opmerkings in dieselfde sosiopolitieke klimaat gemaak. Wat opmerklik is, is dat Jacob Zuma se opmerking 'n jaar voor Penny Sparrow s'n gemaak is. Lulu Xingwane het haar opmerkings oor Afrikanermans in 2013 gemaak.

- Daar is 'n wye verspreiding van ampsdraers en meningsvormers onder die swart gevallestudies. Ons vind dat die gevallestudies strek van die hoogste vlakke van

regering tot die laagste ampsdraers. Jacob Zuma is die invloedrykste van die oortreders as President van Suid-Afrika. Lulu Xingwane was 'n kabinetsminister tydens haar uitbarsting. Julius Malema is leier van die derde grootste politieke party, met meer as 'n miljoen kiesers. Jonathan Jansen was rektor van die Universiteit van die Vrystaat. Steve Naale is die woordvoerder van die Ngwathe Munisipaliteit. Esetu Hasane is die woordvoerder van Fikile Mbalula, die Minister van Sport. Vuyiswa Bhefile Ka Hlazo was 'n staatsamptenaar in Oudtshoorn. Velaphi Khumalo is 'n regeringsamptenaar in die Gautengse Departement van Sport, Kuns en Kultuur. Luvuyo Menziwa was 'n verkose studente-leier. Slegs Tlou Molele en Benny Morota was in die privaat sektor in diens.

- Die uitsprake se reikwydte volg min of meer die invloed van hulle sprekers. Die hooggeplaastes se uitsprake het meer mense bereik as dié van Tlou Molele of Benny Morota. Tog het nie een van die uitsprake naasteby die dekking gekry wat wit uitsprake gekry het nie.

- 'n Groot deel van die uitsprake kan aan frustrasie te wyte wees. Benny Morota, Tlou Molele en Jonathan Jansen was gefrustreerd met die teken van hulle uitbarstings. Daar is wel 'n paar wat net deur minderheidshaat verklaar kan word. Die uitsprake van Jacob Zuma, Julius Malema en Lulu Xingwane is vanuit posisies van mag gedoen. Lulu Xingwane in die besonder het geen rede gehad om 'n minderheid te kap tydens 'n individu se moordverhoor nie.

## **SAMRK se optrede**

Na aanleiding van CERD se riglyne rondom haatspraak sou mens verwag dat die MRK teen al die gevalle moet optree. Daar behoort ook sterker optrede te wees teen meningsleiers as teen lede van die publiek. Weens eie inisiatiewe deur die MRK teen wit oortreders met 'n kleiner gehoor (Penny Sparrow, Matthew Theunissen), sou mens verwag dat daar eie inisiatiewe teen feitlik al die swart gevallestudies ook moet wees. Ongelukkig blyk dit nie die geval te wees nie.



<b>Gevallestudie</b>	<b>Eie Ondersoek</b>
Penny Sparrow	Ja
Chris Hart	Ja
Justin van Vuuren	Ja
Mabel Jansen	Nee
Vicki Momberg	Ja
Matthew Theunissen	Ja
Jacob Zuma	Nee
Julius Malema	Nee
Lulu Xingwane	Nee
Jonathan Jansen	Nee
Steve Naale	Nee
Vuyiswa Bhefile Ka Hlazo	Nee
Esethu Hasane	Nee
Velaphi Khumalo	Nee
Tlou Molele	Ja
Luvuyo Menziwa	Nee
Benny Morota	Nee

Verder is die MRK-klag teen Jacob Zuma van Januarie 2015 steeds onafgehandeld, terwyl die klag teen Penny Sparrow binne 'n jaar beslis is.

Die MRK het 'n bevinding teen Tlou Molele sowel as Matthew Theunissen gemaak. Albei moes om verskoning vra. Albei is tot gemeenskapsdiens gevonnig. Al verskil is dat Tlou Molele 10 uur gemeenskapsdiens moes verrig, en Matthew Theunissen ses maande.

Die manier waarop die MRK haatspraak en rassediskriminasie hanteer, druis lynreg teen CERD se riglyne in.

## Opsomming

Uit die gevallestudies kan ons sien dat daar wydverspreide rassediskriminasie teen minderhede op alle regeringsvlakke plaasvind. Hierdie sistemiese rassediskriminasie teen wit mense skep 'n klimaat waarin dit gevaarlik algemeen word om rassediskriminasie teen minderhede toe te pas. Dit lei noodwendig na meer polarisasie en rasseskeiding. Artikel 2, subafdeling E, van die Internasionale Konvensie oor die Uitskakeling van Alle Vorme van Rassediskriminasie (ICERD) stel dit duidelik:

*(e) Each State Party undertakes to encourage, where appropriate, integrationist multiracial organizations and movements and other means of eliminating barriers between races, and to discourage anything which tends to strengthen racial division.*

Die mediadekking wat so wyd verskil op grond van die ras van die oortreder, dra nog verder by tot die skep van 'n klimaat waarin minderhede geteiken word. Etiese, objektiewe joernalistiek word nie baie gevind by verslaggewing oor rasaangeleenthede nie. Inteendeel, selfs normale konfliktsituasies word deur die Suid-Afrikaanse media in rasaangeleenthede omskep. Die feit dat openlike aanhitsing tot die slagting van wit mense nie naastenby die dekking gekry het wat 'n rasgedrewe beskrywing van swart mense gekry het nie, spreek boekdele.

As waghond oor rasverhoudings in Suid-Afrika blyk die MRK aan die slaap te wees. Uit sy eie inisiatiewe en reaksies blyk dit dat die MRK toelaat dat die media en politici aan hom voorskryf wat rassediskriminasie is.

Wanneer die MRK wel optree, blyk die optrede eensydig en onewewigtig te wees. Eie inisiatiewe word feitlik nooit teen meningsvormers geloods nie, in direkte teenstelling met Algemene Aanbeveling 35 van CERD.

Voorbeelde word gemaak van laevlakse wit rassiste, terwyl die vertikale invloed van rassistiese swart meningsvormers nie aangespreek word nie. Ons sien die uitvloeisel hiervan in die sosialemediareaksie van wit en swart wat al hoe feller raak.

Die stilte van die MRK beteken dat die watervlak in Suid-Afrikaanse rasseverhoudinge net styg. Rassepolarisasie is op ongekende vlakke, en 'n kruitvatatmosfeer word geskep. Die gevoel word gekweek dat die damwal een of ander tyd moet bars.

Ten spyte van die feit dat die MRK moet probeer om die rass spanning te ontlont, en die stormwaters te laat kalmere, dra die MRK eerder daartoe by dat dit vererger word deur teen wit liggewigte op te tree, en swart swaargewigte ongestoord te laat.

# Bronnelys

BusinessLive, 18 Januarie 2016, "We are reaping commission's failure", <http://www.businesslive.co.za/bd/opinion/2016-01-18-we-are-reaping-commissions-failure-to-act-on-hate-speech/>.

BusinessTech, 15 Maart 2016, "Chris Hart reveals why he quit Standard Bank", <https://businesstech.co.za/news/business/116910/why-christ-hart-quit-standard-bank/>.

City Press, 4 Januarie 2016, "How the penny dropped: Racism gets hashtagged", <http://city-press.news24.com/News/how-the-penny-dropped-racism-gets-hashtagged-20160104>.

City Press, 17 Junie 2017, "Zuma's new deadline to respond to Jan van Riebeeck hate speech probe", <http://city-press.news24.com/News/zumas-new-deadline-to-respond-to-jan-van-riebeeck-hate-speech-probe-20160617>.

Daily Maverick, 28 Februarie 2013, "Xingwana comments being 'looked at' by presidency", <https://www.dailymaverick.co.za/article/2013-02-28-512ea1396eb38/#.WMkw3Thf1IY>.

DA website, 2 Maart 2017, "Silent Mbalula must fire racist Sports spokesperson", <https://www.da.org.za/2017/03/silent-mbalula-must-fire-racist-sports-spokesperson/>.

ENCA, 8 November 2016, "Malema slammed for comments on whites", <http://www.enca.com/south-africa/malema-%E2%80%99slaughter-statement%E2%80%99-rocks-sa>.

EWN, n.d., "SAHRC launches investigation into racist social media posts", <http://ewn.co.za/2016/01/04/SAHRC-launches-investigation-into-racist-social-media-posts>.

EWN, 2015, “La Grange Zuma criticism sparks backlash on Twitter”,  
<http://ewn.co.za/2015/01/17/La-Grange-in-twar-over-Zuma-van-Riebeeck-remarks>.

EWN, 15 Februarie 2017, “JCC recommends probe into Judge Mabel Jansen’s comments”, <http://ewn.co.za/2017/02/15/judge-mabel-jansen-to-face-impeachment-tribunal>.

Fin24, 4 Januarie 2016, “Standard Bank suspends Chris Hart over ‘racist’ tweet”,  
<http://www.fin24.com/Companies/Financial-Services/standard-bank-suspends-chris-hart-over-racist-tweet-20160104>.

Forumnuus, 9 November 2016, “Afriforum verwelkom afdanking van rassistiese onderwyser”, <http://forumnuus.co.za/afriforum-verwelkom-afdanking-van-rassistiese-onderwyser/>.

Gauteng Department of Sport, Arts, Culture and Recreation, 21 Junie 2016, “Velaphi Khumalo gets final written warning – Gauteng govt”,  
<http://www.politicsweb.co.za/documents/velaphi-khumalo-gets-final-written-warning--gauten>.

International Convention on the Elimination of All Forms of Racial Discrimination, n.d., <http://www.ohchr.org/Documents/ProfessionalInterest/cerd.pdf>.

IOL, 26 Oktober 2015, “Oudtshoorn official facing racism probe”,  
<http://www.iol.co.za/news/politics/oudtshoorn-official-facing-racism-probe-1936102>.

IOL, 10 Mei 2016, “Disbar Pretoria judge”,  
<http://www.iol.co.za/dailynews/news/disbar-pretoria-judge-2019652>.

IOL, 31 Augustus 2016, “EFF student leader suspended after ‘kill whites’ post”,  
<http://www.iol.co.za/news/politics/eff-student-leader-suspended-after-kill-whites-post-2062924>.

Mail&Guardian, 27 Februarie 2013, “ ‘Incompetent’ Xinwana raises ire with remarks about Afrikaners”, <https://mg.co.za/article/2013-02-27-xingwana-raises-ire-with-remarks-in-calvinist-afrikaners>.

Mail&Guardian, 5 Januarie 2016, “ANC to lay charges against racist South Africans”, <https://mg.co.za/article/2016-01-05-anc-to-lay-charges-against-racist-south-africans>.

Mail&Guardian, 15 Maart 2016, “Standard Bank’s Chris Hart resigns”, <https://mg.co.za/article/2016-03-15-standard-banks-chris-hart-resigns>.

Mail&Guardian, 3 Mei 2016, “Matthew Theunissen’s racist rant goes viral”, <https://mg.co.za/article/2016-05-03-twitter-erupts-after-matthew-theunissen-racist-rant-goes-viral>.

Mail&Guardian, 14 Julie 2016, “Human Rights Commission tells municipal official to apologise to white South Africans”, <https://mg.co.za/article/2016-07-13-human-rights-commission-tells-municipal-official-to-apologise-to-white-south-africans>.

Netwerk24, 26 Junie 2016, “Dosent ná wit kokkerotte nog ongestraf”, <http://www.netwerk24.com/Nuus/Algemeen/dosent-na-wit-kokkerotte-nog-ongestraf-20160625>.

Netwerk24, 24 Augustus 2016, “Iets skort met Afrikanermans se opvoeding, sê Jansen glo”, <http://www.netwerk24.com/Nuus/Algemeen/iets-skort-met-afrikanermans-se-opvoeding-se-jansen-glo-20160824>

Netwerk24, 21 September 2016, “Segsman voer nie opdrag oor wittes uit nie”, <http://www.netwerk24.com/Nuus/Algemeen/ngwathe-segsman-voer-nog-nie-mrk-opdrag-oor-wittes-uit-20160921>.

Netwerk24, 3 Oktober 2016, “Segsman vra wit Suid-Afrikaners verskoning”, <http://www.netwerk24.com/Nuus/Algemeen/segsman-vra-wit-suid-afrikaners-verskoning-20161003>.

Netwerk24, 23 Oktober 2016, “Ernstig gewaarsku oor ‘wit kakkerlakke’”, <http://www.netwerk24.com/Nuus/Politiek/ernstig-gewaarsku-oor-wit-kakkerlakke-20161022>.

News24, 27 Februarie 2013, "Xingwana says sorry to Afrikaner men", <http://www.news24.com/SouthAfrica/Politics/Xingwana-says-sorry-to-Afrikaner-men-20130227>.

News24, 27 Februarie 2013, "Outcry at Xingwana's Afrikaner comments", <http://www.news24.com/SouthAfrica/News/Outcry-at-Xingwanas-Afrikaner-comments-20130227>.

News24, 18 Februarie 2015, "SAHRC probing Zuma's Van Riebeeck comment", <http://www.news24.com/SouthAfrica/Politics/SAHRC-probing-Zumas-Van-Riebeeck-comment-20150218>.

News24, 7 Januarie 2016, "Khumalo in hot water over racist Facebook post", <http://www.news24.com/SouthAfrica/News/khumalo-in-hot-water-over-racist-facebook-post-20160107>.

News24, 7 Januarie 2016, "Fire Chris Hart or face boycott, ANCYL warns Standard Bank", <http://www.news24.com/SouthAfrica/News/fire-chris-hart-or-face-boycott-ancyl-warns-standard-bank-20160107>.

News24, 3 Mei 2016, "De Lille calls on SAHRC to probe racist Facebook rant", <http://www.news24.com/SouthAfrica/News/de-lille-calls-on-sahrc-to-probe-racist-facebook-rant-20160503>.

News24, 9 Mei 2016, "Petition started to remove judge over rape comments", <http://www.news24.com/SouthAfrica/News/petition-started-to-remove-judge-over-rape-comments-20160509>.

News24, 17 Junie 2016, "SAHRC still dealing with Sparrow, Hart, Khumalo racism complaints", <http://www.news24.com/SouthAfrica/News/sahrc-still-dealing-with-sparrow-hart-khumalo-racism-complaints-20160617>.

News24, 17 Junie 2016, "Zuma's new deadline to respond to Jan van Riebeeck hate speech probe", <http://city-press.news24.com/News/zumas-new-deadline-to-respond-to-jan-van-riebeeck-hate-speech-probe-20160617>.

Office of the UN High Commissioner on Human Rights, 18 Desember 1992, “Declaration on the Rights of Persons Belonging to National or Ethnic, Religious and Linguistic Minorities”, <http://www.ohchr.org/EN/ProfessionalInterest/Pages/Minorities.aspx>.

Office of the UN High Commissioner on Human Rights, 26 September 2013, “International Convention on the Elimination of All Forms of Racial Discrimination”, <http://docstore.ohchr.org/SelfServices/FilesHandler.ashx?enc=6QkG1d%2fPPRiCAqhKb7yhssyNNtg151ma08CMA6o7Bglz8iG4SuOjovEP%2bcqr8joDoVEbW%2bQ1MoWdOTNEV99v6FZp9aSSA1nZya6gtpTo2JUBMI0%2boOmjAwk%2b2xJW%2bC8e>.

Politicsweb, 18 Januarie 2015, “Zelda la Grange attacked for her racial impertinence”, <http://www.politicsweb.co.za/news-and-analysis/zelda-la-grange-attacked-for-her-racial-impertinen>

Politicsweb, 5 Januarie 2016, “Lindiwe Sisulu instructs EAAB to investigate Penny Sparrow”, <http://www.politicsweb.co.za/politics/lindiwe-sisulu-instructs-eaab-to-investigate-penny>.

Polity.org.za, 27 Februarie 2013, “Statement by Mmusi Maimane, DA National Spokesperson, calls on the Human Rights Commission to investigate Lulu Xingwana’s comments on Afrikaans-speaking men”, <http://www.polity.org.za/article/da-statement-by-mmusi-maimane-da-national-spokesperson-calls-on-the-human-rights-commission-to-investigate-lulu-xingwanas-comments-on-afrikaans-speaking-men-27022013-2013-02-27>.

Polokwane Observer, 27 Oktober 2016, “Comments on Facebook – teacher suspended”, <http://www.observer.co.za/comments-on-facebook-teacher-suspended/>.

SAHRC, 8 November 2016, “Media Statement: SAHRC accepts commitment to values of the Constitution after offensive social media posts”, <http://www.sahrc.org.za/index.php/sahrc-media/news-2/item/479-media-statement-sahrc-accepts-commitment-to-values-of-the-constitution-after-offensive-social-media-posts>.

SowetanLive, 5 Januarie 2016, “Justin van Vuuren loses FutureLife sponsorship”, <http://www.sowetanlive.co.za/news/2016/01/05/justin-van-vuuren-loses-futurelife-sponsorship>.



Sowetan, 3 Mei 2016, "Matthew Theunissen apologises for racist Facebook rant", <http://www.sowetanlive.co.za/news/2016/05/03/matthew-theunissen-apologises-for-racist-facebook-rant>.

Sport24, 4 Mei 2016, "Mbalula responds to Matthew Theunissen's racist tirade", <http://www.sport24.co.za/OtherSport/South-Africa/mbalula-responds-to-matthew-theunissens-racist-tirade-20160504>.

Sport24, 6 Mei 2016, "Mbalula responds to Matthew Theunissen apology", <http://www.sport24.co.za/OtherSport/South-Africa/mbalula-responds-to-matthew-theunissen-apology-20160506>.

The Citizen, 5 Januarie 2016, "Some whites' racism tarnishes first week of new year", <http://citizen.co.za/news/news-national/929157/sahrc-notes-racist-comments-with-serious-concern/>.

The Citizen, 13 April 2016, "SAHRC lays charges against Penny Sparrow", <http://citizen.co.za/news/news-national/1073713/sahrc-lays-charges-against-penny-sparrow/>.

The Citizen, 11 Junie 2016, "Rehabilitation for Theunissen after racist post", <http://citizen.co.za/news/news-national/1155689/rehabilitation-for-theunissen-after-racist-post/>.

The Citizen, 15 November 2016, "Terrified political parties lodge complaints over Malema slaughter comments", <http://citizen.co.za/news/news-national/1345538/terrified-political-parties-lodge-complaints-over-malema-slaughter-comments/>

The Gremlin, 19 Januarie 2016, "Written warning issued to municipal employee over racist comments", <http://thegremlin.co.za/oudtshoorn-news/wordpress/2016/01/19/written-warning-issued-to-municipal-employee-over-racist-comments/>.

